

Optimale Corolla

Daar is groot druk op vervaardigers om enjins te ontwikkel wat ligter op brandstof is. Toyota se antwoord is Optimal Drive, wat in die Corolla-reeks met 'n 1,3 liter toepassing vind.



oe ons verneem Toyota gaan die Corolla 'n opkikking gee, was ons verbaas, want die motor is skaars anderhalf jaar in die mark beskikbaar. Ons het die

gebruiklike nuwe ligte, rooster en buffer verweg, maar kyk na een van die "nuwe" Corollas en daar is niks om hom te onderskei nie.

Die veranderings is onder die vel, in die geval van ons toetsmotor in die vorm van Toyota se veelbesproke Optimal Drive-technologie.

Soos talle vervaardigers in die onlangse verlede gedoen het om brandstofbesparing aan te spreek, is 'n kleinverplasing-enjin in sy neus gedruk. Maar anders as die meeste ander – wat turbo's of drukaanjaers inspan (of soms albei, in die geval van Volkswagen) om op te maak vir die kragverlies wat die gebrek aan verplasinginhoud meebring, het Toyota op gewone aandrywing besluit as meer "betroubare" antwoord.

"Meer krag, beter verbruik" is woorde wat deesdae by die bekendstelling van byna elke nuwe motor genoem word. Dit was ook die geval met die nuwe, kleiner Toyota-enjin, want die nuwe 1,3 liter Optimal Drive vervang die

BlitsGids	Toyota Corolla 1,3 Professional	Nissan Tiida 1,6 Visia+ 5-dr	Hyundai Elantra 1,6 GLS	VW Polo Classic 1,6i Comfortline
Enjintipe:	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol
Verplasing:	1 330 cm ³	1 598 cm ³	1 591 cm ³	1 598 cm ³
Kragdryfver:	74 kW/132 Nm	80 kW/153 Nm	89 kW/153 Nm	77 kW/153 Nm
0-100 km/h:	13,29 sek.	10,6 sek.	10,77 sek.	10,9 sek.*
Opsnelheid:	185 km/h	190 km/h*	190 km/h*	184 km/h*
Verbruik:	5,9 l/100 km*	±8,9 l/100 km*	7,0 l/100 km*	7,0 l/100 km*
CO ₂ -uitlaat:	138 g/km*	207 g/km*	163 g/km*	177 g/km*
Basisprys:	R177 200	R182 500	R185 900	R187 400
Internet:	www.toyota.co.za	www.nissan.co.za	www.hyundai.co.za	www.vw.co.za

In dieselfde prysklas: Daihatsu Materia (R164 995); Ford Fiesta 1,6 TDCI Ambiente 5-dr (R187 650); Honda Jazz 1,5 iVTEC EX (R187 900); Kia Rio 1,6 Sport 5-dr (R173 995)
 Met dieselfde bakstyt: Mitsubishi Lancer 2,0 GLS (R221 500); Ford Ikon 1,6 Trend (R157 950); Proton Persona 1,6 (R154 995); Volvo S40 2,0 (R256 500)

1,4 liter-enjin. Terselfdertyd styg kraglewering van die 1,4 liter se 71 kW/130 Nm gering meer na die 1,3 liter se 74 kW/132 Nm.

Daarmee saam kom 'n verbetering in verbruik van die 1,4 liter se 6,7 l/100 km na 5,9 l/100 km in die 1,3 liter.

Met hierdie stap kan Toyota om 'n braaivleis-vuur nou in dieselfde geselskap genoem word as Mercedes-Benz se BlueEFFICIENCY, BMW se EfficientDynamics en Volkswagen se BlueMotion. Beskou dit as die begin van 'n vloedgolf benamings en markbekendstellings wat doeltreffendheid voorop stel.

In normale gebruiksomstandighede in ons



Standaard-kenmerke	
Lugsakke	Voor/sykant
Veiligheid	ABS/BAS/EBD
Verkoeling	Lugversorger
Klankstelsel	Radio/CD/MP3
Sentrale sluiting	Ja
Alarm/immob	Ja/ja
Togbebeer	Nee
Stuur-verstelling	Hoogte/diepte
Stuurplekverstelling	Hand
Bekleding	Leer
Aantal sitplekke	5
Misligte	Geen
Sondak	Nee
Sensors	Geen
Parkeerhulp	Geen
Ligte	Halogen
Isifix-hegpunte	Ja
Elektriese hulp	Voorste vensters/spieëls

Toyota Corolla 1,3 ODP

SPEKIFIKASIES Toyota Corolla 1,3

ENJIN	
Silinders	Gelid-4, dwarsgemonteer
Brandstoftoevoer	Elektroniese petrol-inspuiting
Boor x slag	72,5 mm x 80,5 mm
Verplasinginhoud	1 330 cm ³
Drukverhouding	11,5 : 1
Kleppang	DBNA, 4 kleppe per silinder, dubbele wisselende klepdydreëling
VERRIGTING	
Maks. drywing ISO (kW)	74 @ 6 000 r/min
Maks. wryngkrag (Nm)	132 @ 3 800 r/min
RATKAS	
Ratte vorentoe	Sesgang handrat
1ste rat	3,538 : 1
2de rat	1,913 : 1
3de rat	1,310 : 1
4de rat	0,971 : 1
5de rat	0,818 : 1
6de rat	0,700 : 1
Trurat	3,333 : 1
Finale aandrywing	4,500 : 1
Dryfwiele	Voor
Hulpmiddels	Geen
WIELE EN BANDE	
Padwiele	6JJ x 15 staal
Handelsmerk	Continental ContiPremiumContact2
Bandgrootte	195/65 R15
Noodwiel	Volgrootte staal
REMME	
Voor	273 mm geventileerde skywe
Agter	270 mm soliede skywe
Veiligheidstelsels	ABS met remhulp
STUUR	
Tipe	Tandstang en kleinrat met elektriese kraghulp
Kant tot kant	2,9 draaie
Draaisirkel	10,4 m
VEERSTELSEL	
Voor	MacPherson-stutte, teenkantelstaaf
Agter	Wringbalk met krulvere
VERPLASINGSINHOUD	
Sitplekke	5
Brandstofstok	55 liter
Bagasieruim	368 – 992 dm ³
WAARBORG EN DIENSINTERVALLE	
3 jaar/100 000 km-waarborg	
5 jaar/90 000 km-diensplan	
Dienste (km): 15 000 km	

Toetsnotas

FR: Miskien is daar net te veel petrol in my bloed, maar vervaardigers se sug na brandstof-doeltreffendheid het motors tot gevolg wat oor 'n lae krag-tot-gewig verhouding beskik. Al beskik hy oor meer krag as sy 1,4-voorganger, voel hierdie Corolla traag en onopwindend; daar's geen bestuursplezier hier nie. En hy's duur (vir 'n 1,3!). Hy laat my yskoud.



TS: In sy strewre na die hoogste vlak van doeltreffendheid het Toyota die Corolla verwater tot niks meer as 'n kombuis-toestel nie. Die vervaardiger sal tereg argumenteer dat motors soos hierdie gekoop word deur bestuurders wat rypret heel onder op hul lys van vereistes plaas. Maar ek glo dat enige motor teen enige snelheid kan bevredig. As byvoorbeeld Ford dit kan regkry regdeur sy reeks gesinsmotors, dan het 'n globale reus soos Toyota geen verskoning nie.



Wat kan beter?

- Prys te hoog.
- Meer krag!
- Gebrek aan geriefies teen die prys is onverskoonbaar.



Toetse uitgevoer met



TOTAL

You know where to turn



hande – met 'n mengsel van snelweg sowel as dorpsritte – het ons Corolla 'n gemiddeld van 6,8 ℓ/100 km aangeteken.

Maar hoe is die bestuurservaring?

Met gering meer krag sou jy nie 'n veel ander rit verwag as met die ouer 1,4 liter nie, maar in die geval van die nuwe 1,3 liter word kraglewering met 'n sesgang handratkas in plaas van 'n vyfgang oorgedra. Teoreties is ratverhoudings dus beter gespasieer en kan die bestuurder versnelling en momentum beter beheer. Teen snelheid is daar laer enjinomwentelings, maar die hoogste ratte is snelratte – daar is geen krag daar nie, dus moet jy een of meer ratte laer kies om genoegsame momentum vir verbysteeke of ander versnelling op te bou.

In sulke gevalle is dit dan maklik om waar te neem dis 'n skrale 1,3 liter wat die Corolla – lankal nie meer 'n klein, ligte motor nie – moet voortstu. Gereeld moet jy die regtervoet dieper plant as gebruiklik, maar jy raak vinnig gewoond om al die ratte reg te gebruik.

Soos ons in ander Corolla-modelle gewoonde geraak het, is die rit relatief sag en jy is binne goed geïsoleer van ongelykhede op die pad of geraas wat die kajuit kon binnedring.

Detail wat egter gepla het, en niks met die algehele ervaring te doen het nie, is die feit dat die bagasiedeksel met die sleutel oopgesluit moet word. Daar is geen kortpad-drukknop op die bak of op die sleutel daarvoor nie – nogal onverskoonbaar vir 'n motor in die C-segment, boonop teen hierdie prys (die weelderiger Advanced-model kos R195 000).

Gevolgtrekking

In die geheel is daar weinig fout te vind met 'n topverkoper-motor soos die Corolla – hy het hom bewys as een wat by 'n wye gehoor aanklank kan vind.

Tog, gesien sy prys is hy een van die duurste 1,3 liter-sedanmotors in die mark, terwyl sy prysmededingers almal oor enjins van 1,6 liter of groter beskik.

Vir die persoon wat brandstofverbruik hoog op sy of haar lys van prioriteite het, is hierdie 'n goeie keuse, veral as Toyota se betroubaarheid en herverkoopwaarde deel van die prentjie vorm. ■

TOETS-UITSLAE

Toyota Corolla 1,3

SNELHEID (km/h)	
*Maksimum	185 @ 5 850 r/min
Toerelimiet	6 200 r/min
Snelheidsmeter	60 80 100 120
Ware snelheid	57 76 95 115
VERSNELLING (sekondes)	
0-60	5,59
0-80	8,63
0-100	13,29
0-120	19,00
1 km naellopie	34,88
Eindsnelheid	148,5 km/h
VERBYSTEEK-VERSNELLING (sekondes)	
3de 4de 5de 6de	
40-60	4,66 7,27 9,69 12,62
60-80	4,63 7,18 8,71 12,40
80-100	4,88 7,50 9,69 12,46
100-120	5,87 8,37 11,43 16,43
120-140	- 10,43 13,65 23,90
VERBRUIK (EU-voorskrifte)	
Stad	Nie beskikbaar van vervaardiger nie
Hoofweg	Nie beskikbaar van vervaardiger nie
Gekombineerd	5,9 ℓ/ 100 km
Geskatte reikafstand	777 km
CO ₂ -uitslating	138 g/km
REMTOETSE	
100-0 (sek.)	2,90/3,27 (beste/swakste)
Gemiddeld van 10	3,03 (goed)
(Gemeen in sek. van 'n werklike snelheid tot stilstand met intervale van 30 sekondes op 'n goeie teeroppervlak)	
GERAAASVLAKKE (dBA)	
Luier	37
60 km/h	58
120 km/h	66
VERRIGINGSFAKTORE	
Drywing/massa (W/kg)	59
Drywing/liter (kW/liter)	56
Wringkrag/liter (Nm/liter)	99
Vooroppervlak (m ²)	2,6
Sleurfkoeffisiënt (Cd)	0,28
Massa soos getoets (kg)	1 276
Gewigsverspreiding v/a (%)	61/39
(Bereken volgens "massa soos getoets", bruto vooroppervlak, ratverhoudings en ISO kragleweringysfers)	
TOETSOMSTANDIGHED	
Hoogte	Seevlak
Weer	Helder, warm, geen wind
Odolesing	2 385 km

13/20

